**Laerskool Courtrai**
Tel. 0218633220 Faks 0218632630
Montreuxstraat
Suider-Paarl
7646

courtraips@mweb.co.za
www.courtrai.co.za

J. BRAND
Skoolhoof / Principal

**Courtrai Primary**
Tel. 0218633220 Fax 0218632630
Montreux Street
Suider Paarl
7646

courtraips@mweb.co.za
www.courtrai.co.za

# KULTUURBELEID VAN LAERSKOOL COURTRAI

1. **Inleiding**:

- Die hoofdoel van kultuurbeoefening by Laerskool Courtrai is om elke kind die geleentheid te gee om as 'n gebalanseerde individu en groepspeler te ontwikkel.
- Die kultuurgeleenthede word as 'n verlengstuk van die klaskamer beskou.
- Alle leerders sal by oefeninge die geleentheid kry om spesifieke vaardighede, soos dit verband hou met die betrokke aktiwiteit, te ontwikkel.

## 2. Kultuuraktiwiteite:

- Die volgende aktiwiteite word binne skoolverband aangebied:

  Senior koor, Junior koor, Musiek, Eisteddfods/Kunswedstryde,
  Algemene Kennis Vasvra, Revue/Skoolkonsert

## 3. Beskrywing van Kultuuraktiwiteite:

3.1. Kore

- Die doel van beide kore is om 'n liefde vir sang en koormusiek by die leerders te ontwikkel en om hulle die geleentheid te gee om saam te sing.
- Die kore streef daarna om goeie ambassadeurs vir die skool te wees en om kwaliteit koorsang te lewer.
- Die Junior Koor bestaan uit leerders vanaf Graad 1 tot 3 en die Senior Koor uit leerders vanaf Graad 4 tot 7.
- Leerders sal slegs tot die koor toegelaat word na afloop van 'n geslaagde oudisie.
- Die kore neem jaarliks aan eisteddfods, konserte, koorfeeste en/of kerkoptredes deel.
- Skooluniform word gedra vir optredes, tensy anders aangedui.
- Die kore se gereelde oefeninge vind tydens skoolure plaas, met werkwinkels wat per geleentheid buite skoolure aangebied word.
- Indien 'n koorlid hom/haarself nie onderwerp aan koorreëls ten opsigte van dissipline tydens oefening nie, sal dit die koorleier se besluit wees om die betrokke leerder te vra om koordeelname te staak.

3.2 Algemene Kennis

- Die skool bied jaarliks 'n Algemene Kennis vasvra aan in fase verband aan.
-

3.3 Musiek

- Die musiekdepartement word privaat bedryf en verskaf individuele lesse aan ingeskrewe leerders. Leerders is verantwoordelik om skoolwerk in te haal wat hulle a.g.v musieklesse gemis het.
- Die lesse ontwikkel die leerders se persoonlike musikale vermoëns op beide praktiese en teoretiese vlak.
- Lesse geskied, waar moontlik, tydens skoolure in geskikte periodes.
- Leerders is self verantwoordelik daarvoor om skoolwerk wat hulle mis a.g.v. musieklesse, weer in te haal.
- Leerders kry die geleentheid om aan kunswedstryde en konserte deel te neem en kan ook inskryf vir eksterne eksamens (prakties en teoreties).
- Daar vind minstens een junior- en een senior musiekkonsert gedurende die jaar plaas.

3.4 Eisteddfods / Kunswedstryde

- Eisteddfods / Kunswedstryde help om leerders op sosiale, emosionele en kulturele vlakke te ontwikkel. Dit gee hulle ook ’n platform om hul potensiaal op kulturele gebied te ontgin.
- Eisteddfods / Kunswedstryde word georganiseer deur eksterne liggame maar deelname word deur die skool gekoordineer.
- Ouers is verantwoordelik vir individuele inskrywingsfooie.
- Die skool betaal affiliasiegelde en die kore/groot groepe se inskrywingsfooie.
- Leerders ding in hul eie ouderdomsgroepe in verskeie afdelings met ander leerders mee.
- Afrigting vind so ver moontlik binne skoolure plaas.

3.5 Revue/Skoolkonsert

- Daar word gepoog om elke drie jaar ’n senior revue/skoolkonsert aan te bied en elke vier jaar ’n junior skoolkonsert. Junior en Senior fases wissel af in die aanbied van ’n konsert. So ver moontlik, word elke leerder die geleentheid gegee om op die verhoog te verskyn. Daar word gestreef na massadeelname.
- Afrigting vind so ver moontlik binne skoolure plaas.